REFLEKSIE
Vrydag

Om ‘n vredemaker te wees vra meer moed en krag as om ‘n moeilikheidmaker te wees.
Om te skel, is makliker as om te bid.
Om te haat, makliker as om lief te hê.
Om te distansieer, makliker as om aktief vrede te maak.
Willem Nicol het gesê: “Ons vredestaak is ‘n lewenstaak.”

1. Dink terug oor jou dag. Waar het jy vandag die Heilige Gees as vredemaker beleef?

2. Wat beteken dit vir jou om as ‘n vredemaker saam met Hom te leef?

3. Vra vir die Heilige Gees se vrede in die omstandighede in jou lewe wat jou met onvrede laat.